## Die PWL vertaling - Derde uitgawe

Die vertaling van die Tanakh, (Instruksies (Wet), Profete en Geskrifte), is gedoen vanuit die Masoretiese Hebreeuse teks (die Westminister Leningrad Kodekse; die Aleppo Kodeks); die Aramese (Peshitta) Tanakh met die Lamsa vertaling as verwysing; asook die Griekse Septuagint (LXX) kruisverwysend. Die Dooie See Rolle is geraadpleeg in hulle brokkies waar beskikbaar.

Daar is by my geen twyfel dat die **Tanakh** in ’n antieke Hebreeus, ’n susterstaal van Aramees, saamgestel is nie. Dit is selfs moontlik dat die tale in die tyd van die skrywe van dele van die Torah ’n voorloper van Hebreeus was. Veral in Dani’el, Ester, `Ezra, Negemyah, die latere profete en die Kronieke het ek die Aramees verkies aangesien ek glo dat die grootste gedeeltes hiervan in Aramees geskryf is. Ons het nie die oorspronklikes nie, maar die akkuraatheid van kruisverwysings en syfers met ander gedeeltes asook ooreenkomste met die LXX verteenwoordig ’n sterk standpunt.

**Die vertaling van die Nuwe Verbond** (3de uitgawe) is gedoen vanuit die Antieke Oosterse Aramese Kodekse (Die Khabouris, Die Mingana 148 Kodeks en andere) in ooreenstemming met die Westerse Aramese Peshitta (‘reguit’) 1905 Kritiese uitgawe, tekste. Ons het voldoende, onweerlegbare bewyse van die Aramese oorsprong en sal dit aanbied op versoek.

Die Khabouris - Hierdie ou manuskrip het in die mate waarin sy bladsye duidelik is, die kern van die Nuwe Verbond-vertaling uitgemaak. Ek het, met groot dank, die transkripsie van S.P. Silver hier gebruik, wat beskikbaar is op Dukhrana se webtuiste. Dit is ’n getroue weergawe van die eerste eeuse geskrifte wat reeds vanaf die begin in die Kerk van die Ooste gebruik is. Die basis vir 2 Kefa, 2 en 3 Yoganan, Y’hudah en Openbaring is geneem vanuit John Gwynn se uitgawe van die Algemene Briewe van “The Crawford Aramaic manuscript.”

Waarom sou Hebreërs wat Aramees gepraat het in ’n ander taal, vir meestal Aramees-sprekendes, skryf? Soos Josephus self erken: weinig van hulle kon Grieks vlot praat.

Die volgende is ook vergelykenderwys, kruisverwysend en as kontrole gebruik:

- “The Peshitta Aramaic-English New Testament - An Interlinear Translation” deur Dr. Glenn David Bauscher - Copyright © 2006 - Lulu Publishing.
- ‘Lamsa’ volledige Bybel (Tanakh en Nuwe Verbond), vanuit Aramees in Engels vertaal - Copyright © Dr. George Mamishisho Lamsa - slegs die Tanakh.
- Dr. Paul Younan se “Interlinear of The Gospels and Acts.”
- Dr. John Wesley Etheridge, vertaal vanaf Siriese bronne.
- Andrew Gabriël Roth se “Aramaic-English New Testament” ©2008, www.aent.org se vertalingsopmerkings.
- Die Oosterse groep: Die Yonan, Khabouris, 1199 Houghton en die Mingana 148 Kodekse - www.theholyaramaicscriptures.weebly.com

**Vanaf die eerste druk is hierdie is nie ’n veranderde vertaling nie, maar woord vir woord nuut.**

Vir die verklarings en bevestiging van woorde uit die Hebreeus / Aramees het ek die volgende woordeboeke en konkordansies gebruik:


1. COMPREHENSIVE ARAMAIC LEXICON at the Hebrew Union College – Jewish Institute of Religion - Cincinnati, USA - Online Dictionary.
2. Ancient Hebrew Lexicon of the Bible Copyright © 2006 Ancient Hebrew Research Center ISBN: 1589397762 Author: Jeff A. Benner.
3. Lexicon to the Syriac New Testament (Peshitta) - by Williams Jennings (M.A.), revised by Ulric Gantillon (M.A.) - Oxford at the Clarendon press 1926.
4. Mickelson’s Enhanced Strong’s Greek and Hebrew Dictionaries by Mickelson, Jonathan Kristen, Published 2008.
5. Thayer’s Greek Definitions – from e-sword - vir LXX kruisverwysing.
6. Transliterasie van Hebreeuse name is grootliks, maar nie uitsluitlik nie, volgens “Jewish New Testament: a translation of the New Testament that expresses its Jewishness - David H. Stern. JNT Publications, © 1989,” gedoen.
7. “The Word” © 2003-2010 - Costas Stergiou, is vir die derde uitgawe gebruik as uitstekende en veelsydige naslaanbron: www.theword.org.
8. Groot Woordeboek – Kritzinger, Steyn, Schoonees en Cronjé – J.L van Schaik Bpk. Pta.
9. Pharos Afr.-Eng./Eng.-Afr. Woordeboek / Dictionary. Pharos Woordeboeke, ’n druknaam van NB-Uitgewers. www.pharos.co.za - © 2008 streng voorbehou.
10. Brown-Driver-Briggs’ Hebrew Definitions by Francis Brown, Samuel Rolles Driver, Charles Augustus Briggs.
11. Ek het baie gebruik gemaak van die Aramese forums onder leiding van Paul Younan op www.peshitta.org.


Die vertaling is gedoen oor ’n lang tydperk, met groeiende navorsing, ontdekkings en oortuigings soos ons gevorder het. Ons streef daarna om elke fout en vraag na te speur om sodoende naby aan ’n volmaakte vertaling te kom. Hiervoor het ons u ook nodig om enige en elke fout aan ons deur te gee. Ons glo dat ’n groot sprong in daardie rigting gemaak is met hierdie derde druk. Meer inligting oor die vertaling en oor Aramees as oorsprong is beskikbaar op: www.padwlewe.org.za

Die vertaling is gedoen ongeag ons eie leringsoortuigings. Die Woord van die Skepper-God moet ons leringe bepaal. Hierdie, glo ek, is wat Hy vir ons wil gee as Sy wil en lewenswyse om te loop op diePad van Waarheid waardeur ons Lewe sal ontvang.

Gerrie C Coetzee
gerrie@padwlewe.org.za

# Opmerkings by die vertaling

Redes vir groot veranderinge asook ’n paar verklarings van woorde.

Hierdie is geensins volledig of omvattend nie omdat ek nie dink dat die Bybel self die plek vir ’n konkordansie is nie. Aangesien dit ’n nuwe vertaling is vanuit ’n ander bron as wat u aan gewoond is en nie net ’n verandering van woorde nie, is daar baie begrippe wat verander. Ek glo dat ons die beste moontlike en beskrywendste betekenis van ’n sekere oorspronklike woord vir u aanbied. Toets Skrif met Skrif.

Geen alternatiewe betekenisse word in die vertaling gegee nie, want hierdie is wat ek glo יהוה, ons Vader, die Enigste God, Skepper van die heelal, wou sê. Daar is ook geen vergelykings met vorige vertalings nie. Ons is nie in kompetisie nie. Ons het ook nie verduidelikings of voetnotas in die teksgedeelte geplaas nie aangesien dit nie in ’n vertaling die plek daarvoor is nie; alhoewel die versoeking soms groot was. Daar is slegs betekenisse van idiome en van God se Karakter-Name in hakies geplaas.

Hierdie vertaling is gerig op die ware betekenisse en leringe waardeur ons die Ware en Enigste God kan leer ken. Ek vertrou met my hele wese dat díe volgelinge van Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ’n volledig gehoorsame lewe begeer, die volheid van die waarheid deur díe vertaling sal kan vind. Ons vertrou dat die Gees dit in u sal laat lewe, soos in ons in die jare wat ons daarmee besig is.

Die hierop volgende verduidelikings is noodsaaklik omdat dit die ware betekenis, sonder dogmatiese en teologiese betekenisse en afleidings daarvan, gee - objektief (volgens die betekenis van die woord). Idiome is letterlik vertaal, met soms ’n aanduiding van die betekenis as daar ’n moontlikheid van verwarring is. Die Gees is die beste Verduideliker, vertrou Hom.

Wanneer na die vertaling gekyk word, moet eerstens onthou word dat die meeste van die skrywers Hebreërs, (wat hoofsaaklik Hebreeus en Aramees gepraat het) was, wat vanuit ’n Semitiese idioom en Godsbegrip geskryf het – al mag dit wees dat ’n sekere boek of gedeelte in Grieks, die taal van dele van die wêreld, vertaal is, is dit slegs ’n vertaling en nie die oorspronklike, wat tog in die mense se eie taal sou wees, nl. Hebreeus of Aramees, nie. (Aramees was die algemene taal (lingua franca) in die hele streek vanaf 700 voor Yeshua tot na 300 na Yeshua.)

Wanneer ons die begrip ‘Hebreeus(e)’ gebruik, verwys dit na en sluit dit Aramees in wat die eintlike taal is wat Yeshua gepraat het (‘Chaldeen’ volgens die woordeboeke). Dit was ’n groot versoeking om die oorspronklike Hebreeuse / Aramese woorde, soos Shalom, Amen en Halleluyah, te gebruik wat meeste mense ken, maar dan sou dit wees ten koste van die volle Afrikaanse betekenis wat ryker is as wat meeste mense, wat die Hebreeuse woord ken, weet. Dit is ’n Afrikaanse vertaling met die duidelikste betekenis van die woorde wat ons kon gee in Afrikaans. Dit het ook beteken dat bekende, maar onverstaanbare, geestelike terme verander moes word na verstaanbare

en meer volledige betekenisse. Dit sal aanvanklik vreemd klink vir sommige, maar u sal gou daaraan gewoond raak en die ryker en voller betekenis sal u lewe verryk. Elke keer as u die Woord lees sal dit 'n studie wees.

Die volgende punte sal u help om sekere belangrike veranderinge te verstaan.

**1. Oorspronklike name**

**Alle persoonlike name** is 'n direkte transliterasie. Let op na die uitsprake van 'n paar Hebreeuse en Aramese karakters in getranslitereerde eiename:
'n א-(alef) wat nie uitgespreek word nie en binne die woord 'n vinnige pouse of breuk voorstel, word met 'n enkel aanhalingsteken (') weergegee; 'n 'Y' gee die י-(yud) weer wat as 'n sagter, Afrikaanse, 'j' (Jasper) uitgespreek word; ח-(het) of soms כ ך (Kof en Kof sofit), word as 'g' deurgegee - uitgespreek soos die g in 'gaan' en 'geloof, die harde keelklank 'g' moet in al die gevalle gebruik word; 'ו-(waw)- as medeklinker in Hebreeus word as 'w' deurgegee en as klinker is dit 'oe'; die ע-(`ayin) word meesal voor die woord, wat antiek as 'n sagte 'g' uitgespreek word, maar in die moderne taal stil is, vooraan met 'n (`) weergegee en word binne 'n woord as 'a' uitgespreek.

Meeste name verskil van die tradisionele Afrikaanse name, wat nie regtig rede het hoekom dit so verander is nie. Persoonlik glo ek nie 'n naam kan verander word nie aangesien die betekenis, wat so verlore gaan, deel is van die profetiese boodskap in die Bybel. Kyk ook na die volledige lys name met een betekenis in 'n boekie wat die Bybel vergesel, om die boodskap daarin te verstaan. Die beste voorbeeld is die naam van Y'shua - hier gebruik ek glad nie die Griekse transliterasie nie, aangesien dit geen betekenis het nie. Hierdie transliterasies (soos Jesus) sal ons nooit slegpraat of verwerp nie aangesien die persone wat dit gebruik 'n verwysing in hulle gees het na die regte persoon, nl. **Y'shua, van Natzeret, Die Gesalfde een, die Seun van God.** Dit is jou besluit, wat jy gebruik, sonder om ander te oordeel, wat anders besluit. Hoekom iets anders as die regte Naam gebruik as jy dit ken? In die oorspronklike Aramese Nuwe Verbond is Sy Naam geskryf in die vorm van ܝܫܘܥ of dan ישוע - **net hierdie 4 karakters** - Y'shua, **uitgespreek as Yeshua!!**

**2. Heer / Here / Meester**

**Here / Heer** - Hierdie is 'n ou Afrikaanse woord, wat nie regtig meer in Afrikaans volgens sy regte betekenis gebruik word nie. Dit is 'n respekvolle aanspreekvorm - Meneer of meer korrek, Meester. Dit is egter ook in die ander vertalings gebruik om יהוה, die Naam van God, te vertaal, waar dit gebruik is en deur die Rabbi's as 'Adonai' (Meester) of 'HaShem' (Die Naam) uitgespreek word omdat hulle glad nie die Naam van God gebruik nie. Hulle is bang hulle gebruik dit sonder erns en gebruik dit liewers nooit nie. **Dit is egter nie 'n wet in die Bybel nie!** Op al hierdie plekke gebruik ons die oorspronklike Hebreeus, יהוה, uit respek. Ek wil tog graag 'n vermaning plaas op die los en vas gebruik van God se eie Naam – ek glo die gebruik daarvan is toepaslik in die Woord self, asook in leringe vanuit die Woord, maar nie daarbuite nie. Wanneer na God in die algemeen verwys word, behoort "God" (kyk asb. na punt 3 hier onder), of verkieslik "Skepper-God," gebruik te word. Sy Naam is steeds afgesonderd en moet afgesonderd bly en gebruik word.

In die Aramese Tanakh en Nuwe Verbond word Maryah, מריא, sonder uitsondering (uit respek) in plaas van יהוה gebruik. Dit beteken - Meester Yah. Die Hebreeuse begrip אהיה אשר אהיה "Ahiyeh asher Ahiyeh" van **Eks 3:14**, glo ek, is 'n Goddelike uitspraak en verklaring meer as 'n betekenis van Sy Naam en ek vertaal dit as "אהיה אשר אהיה - (EK IS WIE EK IS) [Tydloos, onveranderlik]." Die Aramese Tanakh gebruik dieselfde. Die Aramees אנא אנא - "Ena na" in die Nuwe Verbond is nie dieselfde nie. **Daar moet onthou word dat die Aramese Marya, מריא, ook taalkundig die definitiewe, Díe Meester, kan beteken. Ek gee twee voorbeelde. "Alokh MARYAH Alahon" = "To You, O Lord our God" en "MARYAH Alaha" = "The Lord God".**

### 3. God - Eloha - Elohim - Alaha

Die Afrikaanse woord "God" het nie dieselfde betekenis as die woord waaruit dit oorspronklik vertaal is nie. Totdat ons egter 'n aanvaarbare manier gekry het, sonder om die werklike betekenis te verdoesel, volstaan ons hierby.

**God** - Die gebruik van die woord in hierdie vertaling word gedoen op grond van die vertaling van die Hebreeuse woord eloha as die selfstandige naamwoord "God." Die woord beteken "Magtige - wat outoriteit het". Die verkorte vorm, "el," wat slegs "magtige" beteken, maar ook verwysend is na die godsgedagte en eloha se meervoud, elohim, wat ook in die enkelvoud gebruik word as "Oppermagtig", is die algemene woorde wat na die soortnaam 'God, god of gode' verwys. Net in Iyov word eloha 40 keer gevind. Dit word selde gebruik as verwysing na 'n afgod of enige god, wel in **Dan 11:36 en 37** en **2 Kron 32:15**. In alle ander gevalle verwys dit slegs na יהוה, die God van Yisra'el.

**Deut 32:15; Ps 50:22; 139:19; Spr 30:5; Iyo 3:4, 23**.

Daar is mense wat eerder die woord elohim gebruik - jy is welkom - ek vra net: as elohim se Afrikaanse vertaling 'God' is, soos dit ook is, (of letterlik "Oppermagtige" as in 'n enkelvoud sin gebruik word), dan is dit mos irrelevant? Die meervoud, elohim, word nie net vir "gode" (**Eks 12:12; 18:11; 20:3**) gebruik nie, maar meer as 2,000 keer verwysend na die ware God as Oppermagtige. Baie keer met die voorvoegsel, ha-elohim, wat dit DIE God of die ware God maak. Soms word die woord met 'n meervouds werkwoord of byvoeglike naamwoord gebruik, soos in **Gen 20:13; Ps 58:12; 2 Sh'm 7:23** en baie in die uitdrukking elohim gaiyim, "die lewende God." In die groot meerderheid van gevalle word dit egter aangaande die God van Yisra'el in die enkelvoud gebruik, al is dit taalkundig in die meervoudsvorm wat na die verhewe magtigheid verwys, wat die letterlike vertaling van die woord is. Elohim, word ook gebruik om iemand uitermate groot te beskryf, soos die gees van Sh'mu'el (**1 Sh'm 28:13**) en geeste (**Yes 8:19**), die huis van Dawid (**Z'kh 12:8**), die berg van Bashan (**Ps. 68:16**) en Ragel se kompetisie met haar suster (**Gen 30:8**). Dit is die algemene begrip 'God' - 'n gewone selfstandige naamwoord en **nie Sy persoonlike Naam**, wat slegs יהוה is, nie! Dink ook daaraan dat elohim net in die Masoretiese Hebreeuse teks gebruik word vir die Skepper-God, nie in ander nie en dat elohim ook die naam is van die panteon gode in Kena'an in die tyd toe Yisra'el die land ingeneem het, met 'el' die naam van hulle hoof-god.

Let op na **Yog 10:33-36**: in die Afrikaanse taal-konteks is daar geen getuienis of geskiedenis dat hierdie woord enige ander of heidense konneksies het nie!!

**4. Statistiese verskille**

Baie oënskynlike statistiese en logistieke verskille tussen Sh'mu'el, Konings en Kronieke is opgelos deur die Aramese geskrifte wat nie die verskille het nie.

**5. Hoofletters**

Alhoewel dit miskien volgens taalreëls nie heeltemal korrek is nie, het ek besluit om uit respek die besitlike- en ander voornaamwoorde deurgaans met hoofletters te skryf wanneer dit definitief na Vader-God / Yeshua as Seun van God / Gees wat Afgesonderd is, verwys, om 'n duidelike verskil aan te dui, aangesien daar soms ook na ander persone in die sinne verwys word.

**6. Kom of Gaan**

Die Hebreeuse bå' en yåtså' beteken beide 'kom' en 'gaan.' Dieselfde probleem is ook in die Nuwe Verbond. Dit maak soms 'n groot verskil soos in **Mat 10:23**.

**7. Tye in Semitiese tale**

In egte Bybelse-tyd Hebreeus / Aramees is daar net verlede tyd en toekomende tyd.

**8. Transliterasie**

Transliterasie van die Hebreeuse letters ח(het) en ה(hey), wat soms as h en soms as g uitgespreek word en ע((g)ayin), wat antiek as g uitgespreek is en nou glad nie, is nie maklik nie en kan spel en uitspraak verskille veroorsaak.

**9. Loof en prys se betekenisse**

**Woorde wat tradisioneel as "loof en prys" vertaal is** (met "Strongs" nommers).

| | | | |
|---|---|---|---|
| H1288 | - | **barak** | - kniel en seën |
| H1523 | - | **ghiyl** | - swaai van vreugde |
| H1524 | - | **ghiyl** | - vreugde |
| H1984 | - | **halal** | - duidelike / suiwer lof. Loof Hom helder en duidelik |
| H2167 | - | **zamar** | - sing en maak musiek |
| H2172 | - | **zimrah** | - musiek met instrumente |
| H3034 | - | **yadah** | - loof en dank met hande uitgestrek |
| H4210 | - | **mizmor** | - gedig met instrumentale musiek |
| H4234 | - | **magol** | - dans |
| H4387 | - | **miktam** | - gedig |
| H4885 | - | **mahsos** | - verbly - vreugde |
| H4905 | - | **maskiyl** | - lerende gedig |
| H5035 | - | **nevel** | - lier |
| H5058 | - | **n'ginah** | - snaar instrumente |
| H5155 | - | **n'egilah** | - blaasinstrumente |
| H5970 | - | **`alats** | - spring van vreugde |
| H7318 | - | **roman** | - lofprysing |
| H7321 | - | **ruah** | - skree van vreugde |
| H7438 | - | **rou** | - lied van bevryding |
| H7440 | - | **rinnah** | - blydskap |
| H7442 | - | **ranan** | - sing / skree van vreugde |
| H7445 | - | **rnanah** | - uitskreeu van vreugde |

| | | | |
|---|---|---|---|
| H7623 | - | **shabag** | - hard prys |
| H7692 | - | **shiggayon** | - loflied (afwyking) |
| H7797 | - | **soes / siys** | - vreugdevol |
| H7891 | - | **shur** | - sing |
| H7892 | - | **shiyr** | - lied |
| H8055 | - | **samag** | - verheug |
| H8057 | - | **simgah** | - oorweldigende blydskap |
| H8067 | - | **sh'minith** | - 8 snaar lier |
| H8342 | - | **sasown** | - vreugde |
| H8416 | - | **t'hillah** | - lofprysing |
| H8426 | - | **toudah** | - vereer met uitgestrekte hande |
| H8628 | - | **taqah** | - hande klap |
| H8643 | - | **teru'ah** | - uitroep van vreugde / blaas van shofar |

**10. Yosef - die Gowra probleem**

**Mat 1:16** – Hierdie Yosef is nie Miryam se verloofde / man nie, maar haar voog of vader. Die woord 'Gowra' kan vertaal word as voog / vader / man en dit los die probleem op van die 14 geslagte, wat die daaropvolgende verse stel.

**11. Jood / Jode**

**Mat 2:2** Oral in die Nuwe Verbond waar die begrip 'Jode' gebruik word, kan eintlik die letterlike vertaling van 'Y'hudahiete' – mense van Y'hudah, gebruik word. Dit verwys dus ook nie noodwendig na die Jood as godsdiensgroep nie, maar as inwoners van die provinsie van Y'hudah. Dit het 'n verkeerdelike, maar algemeen aanvaarde, term geword van almal wat nageslag van Avraham is.

**12. Yisra'el**

Die woord beteken: "el" - Magtige God; "Yisra" - Hy heers (loop voor). Yisra'el is dus elkeen waaroor die Magtige God heers.

**13. Doop**

**Mat 3:6** en ander = Doop = 'whelmed' of 'immersed' = volledig omvou (indompel of ingedruk) - die woord het ook nie net te doen met water nie, maar ook met die Karakter en Outoriteit van die Gees en die Vader, **Mat 28:19** - waarin ons omvou (volledig gedompel) en volgemaak moet word. Dit is nie uit oorsprong 'n 'geestelike' woord nie, maar 'n gewone woord in die Aramees, עמדו en in die Grieks, βαπτίζω, wat beteken om in of onder te druk of te plaas en soos 'n spons vol te maak. Net so, is die betekenis van die Afrikaanse woord, 'doop,' nie geestelik nie, maar 'n gewone woord wat in sy gewone betekenis verstaan moet word. Hoe doop jy jou beskuit? Tradisie en gemaksgebruike het die betekenis in die godsdiensgebruik verander.

**14. Idiome**

**Gen 2:3 b** "dit wat God geskep het in 'n Gods-eie manier" - baie woord-letterlik van die sin **"asher bara' elohim la'asot" -** 'n idioom wat meer letterlik vertaal is.

**Mat 5:29:30** en **Mar 9:43-47** - Hier is 'n Aramese idioom "ruk dit uit / kap dit af en gooi dit weg" wat beteken: "Stop dit en laat dit staan." Dit is nie 'n opdrag om dit fisies af te kap nie, want dit sou teenstrydig wees met die Wet. Geen Arameer loop blind rond met afgekapte hande nie!

**Luk 11:34; Mat 6:22-23** – Nog ’n Aramese spreekwoord wat nie sin maak as dit woordeliks vertaal word nie, is – “Goeie oog” wat beteken om vrygewig te wees en ’n “Bose oog” om suinig te wees. Die betekenis is duidelik in die res van **Mat 6**.

**Yog 12:11** – ’n Woord wat deur die Griekse vertalers vanuit die Aramees verkeerd verstaan is, is die woord אזל wat gewoonlik met ‘om te gaan’ vertaal word, maar dikwels idiomaties gebruik word en aandui dat aksie voortgaan en meer en meer gedoen word.

**15. Toneelspelers van ’n vals karakter**

**Mat 6:2** –’Geveinsdes’ is ’n voorbeeld van ’n woord, wat se betekenis korrek is, maar te hoogdrawend is vir ’n betekenis wat eintlik neerhalend moet wees. Die oorspronklike verduidelikende betekenis “aannemers van gesigte” word deurgegee in sy betekenis as ‘toneelspelers van ’n vals karakter.’

**16. Vergifnis**

In **Mat 6:14 en 15** asook regdeur die Nuwe Verbond waar die woord “vergewe” of “vergifnis” gebruik word, moet die dieper betekenis verstaan word. Die Aramees is תשבקון en ek som die volledige verduideliking op met ’n paar woorde: weg te stuur, vergeet, opgee, aflê, agterlaat en meer. Jou sonde word weggevat, verwyder, alleen gelos en nie meer in ag geneem nie – dit is wat vergewe beteken!

**17. Skrifgeleerdes**

ספריהון [γραμματεύς] word tradisioneel vertaal met ‘**Skrifgeleerde**,’ maar is meer korrek - ’n skrywer, dit is, (professioneel) transkribeerder, sekretaris of stadsklerk. In daardie tyd was hulle egter ook die leraars en kundiges van die Instruksies (Wet) en leer van Judaïsme – en dus ‘leraars van die wet’.

**18. Studentevolgeling**

**Dissipel** = ’n direkte transliterasie uit Latyns en ’n woord wat nie ten volle verstaan word in Afrikaans nie. Ek gebruik die beskrywende ‘studentevolgeling.’ Iemand wat leer deur te volg en te luister.

**19. Vertroue**

**Vertroue** = aktiewe geloof – die woord ‘glo’ en ‘geloof’ in ’n passiewe vorm word baie weinig in die Bybel gebruik. Geloof is om te weet - vertroue is om te doen. מהימנין - word hiervolgens in sy korrekte betekenis vertaal, wat die waarheid insluit. Vertroue in die waarheid. Dit is ook ’n beter weergawe van die Hebreeuse “emunah” begrip uit die Tanakh, wat ook nooit ’n passiewe geloof verkondig nie.

**20. Plekke van bymekaarkoms**

**Sinagoges** = Die naaste begrip wat ons het, is die gemeentes of bymekaarkomplekke – die sinagoge is egter baie meer as dit – ’n bymekaarkomplek van die mans, 3 maal per dag, om die Boodskap van God te oordink en ’n simbool van hulle eenheid en afhanklikheid. As die gemeente só die sentrum van ons lewe was, dan kon ons dit met die gemeente vergelyk. Ek gebruik ‘plekke van bymekaarkoms’ omdat ‘sinagoges’ ’n Griekse woord is vir כנסת ‘knesset’ (Hebreeus) en כנושתא ‘knoeshta’ (Aramees).

**21. Sh’ol / Hel**

**Hel** - o.a. **Mat 10:28, Luka 12:5** verwys eintlik na die vallei van Gei-Hinnom buite Yerushalayim. Dit is ’n geestelike analogie na die verval en dood wat daar heers. Die woord Sh’ol [Hades in Grieks] **Mat 11:23, Luk 16:22-23** ens. is behou in die

vertaling. Die presiese plek waar of wat dit is en die verklaring daarvan word nie duidelik in die Skrif uitgelê nie - die naaste is ‘die doderyk’. In die Hebreeuse nuanse van die woord reg deur die Skrif is dit egter duidelik dat dit ’n plek van bewussyn is.

**22. Yesha’yahu se 7 voorspellings**

**Mat 11:4** - Yesha’yahu se 7 voorspellings oor die werk en karakter van Die Gesalfde Een – behalwe een – Yoganan sou dit herken het en Yeshua se doel in die Koninkryk raakgesien het.

**23. Darrél**

**Mat 13:25** – Darrél: ’n vals graan / onkruid, wat net soos graan lyk, maar nie vrug dra nie.

**24. Die Gesalfde Een (Aramees - Meshigha)**

**Mat 16:16** - **Die Gesalfde Een** - (Hebr.) Mashiag - dit verwys baie spesifiek na die Een wat belowe is regdeur die Tanakh - die vervulling van die belofte. Dit is nodig om dit direk, persoonlik en spesifiek te maak. ‘Christus’ soos dit in die ander vertalings gebruik word, is ’n transliterasie van die Grieks. Dit word deur baie mense verkeerdelik as ’n Naam of Van vir die Verlosser gebruik. Dit is meer as ’n naam, dit is die vervulling van ’n belofte, die Versekerde Verwagting wat waar geword het van die Koninkryk wat herstel is. Die Gesalfde Een van God - gesalf, aangestel en bekragtig as Koning, Profeet, Lam en Hoofpriester, wat gekom het en weer gaan kom, is die outoriteits-sfeer waarin Yeshua as Die Gesalfde Een opereer.

**25. Strikvrae**

In die vrae en antwoorde, in veral **Mat 22**, maar ook elders, is die woord wat gebruik word wat beteken om ’n vraag te vra, eintlik ’n vraag met die doel vir ’n debat - of ’n strikvraag – ’n vraag met die doel om iemand vas te vang in sy eie woorde en te bewys hy is verkeerd en dus dat die een wat die vraag vra, reg is. Die antwoord word dus uit die geskrifte verwag, om aanvaar te word. Die woord ‘toets’ is hier beter as ‘versoek’ omdat dit gaan oor die toetsing van die waarheid wat geleer word; daarom haal Yeshua gereeld die Tanakh, waarteen hulle nie kan antwoord nie, as bewys aan.

**26. Gebedskassies**

**Mat 23:5 - t’fillin** is klein leer dosies wat perkamentrolletjies bevat met aanhalings uit die Tanakh daarop, **Deut 6:4–9, 11:13–20, Eks 13:1**-. Godsdienstige ‘Jode’ bind tydens die weeklikse diens of gebede, een om hulle arm en een op die voorkop vas, as ’n letterlike vervulling van **Deut 6:8**. Aangesien dit ’n geestelike opdrag en teken is, is die fisiese doen daarvan nie deel van die wet van God nie. Die waarheid van die wet en Woord is in die vertrou en doen (kop en hand) en nie net in een van die twee (soos die teken van die vals gesalfde in Openbaring 13:16) nie.

**27. Hierdie geslag**

**Mat 24:34 -** “hierdie geslag sal nie verbygaan” in ander vertalings, maak Yeshua tot leuenaar. Die woord in Aramees is ‘shin resh beth tau aleph’ שרבתא en beteken, behalwe vir geslag, ook familie, ras of volksgroep en stam. Dit verwys eerder na Yisra’el as nasie en volk.

### 28. Tossel - tzitzit

**Tossel - tzitzit / tzitziyot** - Wetsgehoorsame mans in Yeshua se tyd en vandag dra tossels aan die onderkant, vas aan, hulle bo-klere, in gehoorsaamheid aan **Num 15:37–41**, om ander en hulleself te herinner om gehoorsaam te wees aan God se wet en opdragte en dat hul afgesonderd is. Aangesien dit nie net vir dekorasie is nie, kan dit nie net met soom vertaal word nie. Dit is ’n outoriteits-tossel. Vandag word dit deur Yisra’eli mans meer net na die sinagoges gedra in ’n rituele kleed bo-oor die klere of ’n klein onderkleed met die tossels aan. Yeshua het egter, soos in daardie tyd die gebruik was, **Mat 23:5**, Syne aan Sy bo-kleed vas gedra as deel van die soom waarop Sy outoriteit uitgeborduur was. Dit is die Gees wat ons herinner en wat soms fisiese middele gebruik om dit te doen.

### 29. Shalom - Shlama (Aramees)

**Mat 26:49** - Ek glo vir geen oomblik dat Y’hudah die Griekse groet hier saam met die Aramese titel gebruik het nie, maar deurgaans die Aramees, wat tog sy taal was - dit moet dus Shalom lui wat ‘Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid’ beteken en veiligheid insluit!! Die woord dui op ‘n volkome Gods-lewe.

**Shalo b’shlama - word ook in Aramees gebruik en het die verdere betekenis van shlama vir jou en my - ons in verhouding.**

### 30. Eed van waarheid

**Mat 26:63** - die verpligte eed van waarheid. Die wet bepaal dat jy nie mag stilbly as jy die waarheid ken en daarna gevra word nie. Dit is die rede dat Yeshua hier moes antwoord, om nie die wet te verbreek nie, **Lev 5:1.**

### 31. Kruis

**Kruis** – eintlik houtpaal – dit is geskiedkundig bewys dat ’n paal of gestroopte boom in daardie tyd, deur die Romeine, in verskillende vorms, met ’n dwarspaal gebruik is as ’n instrument vir die doodstraf. זקיפה - Sy kruis. עליבא - die kruis. Beide volgens die Aramese Lexicon van William Jennings, M.A. beteken kruis. Ek het ’n probleem met die betekenis wat sommige van die kerke daaraan gee. Dit is primêr ’n instrument vir die doodstraf. **Op meeste plekke verwys dit net na die dwarsbalk** wat gedra is en waaraan die persoon vasgemaak word voordat dit teen ’n boom of paal opgelig word, **Mat 27:31, 32; Mar 15:20, 21; Luk 23:26; Yog 19:17.** Kruishout is dus meer akkuraat: die dwarsbalk van die kruis.

### 32. Meer van Kinneret

**Mar 1:16 ; Mat 4:18 ; Luk 5:1** - ‘Meer van Kinneret’ is die naam van die varswater meer wat in die Yardenrivier gevorm word in die Galila; dit word so genoem, want dit is in die vorm van ’n harp (Heb. Kinnor). Dit word ook gespel as Genesar. Ander vertalings van die Bybel identifiseer dit as die see van Galiléa en die Griekse teks soms as die see van Tiberias.

### 33. Shabbat

**Mar 2:23** en ander plekke – **Shabbat**. Dit verwys elke keer na die sewende dag wat God vir Homself afgesonder het lank voor die wet aan Mosheh gegee is of die volk Yisra’el bestaan het – reeds van die skepping af, **Gen 2:3**. Dié sewende dag is onveranderd as die dag wat vir Hom afgesonderd is, gegee. Hier gebruik ons die naam Shabbat met hoofletters omdat dit die naam van die dag is (Rusdag). Aangesien Roomse tradisie die rusdag as die eerste dag van die week beskou, is dit nodig om die oorspronklike Hebreeuse transliterasie te gebruik om die regte dag aan te dui.

### 34. Geldeenhede

**Mar 6:37** – Een **denari** was ongeveer die loon vir ’n dag.
**Luk 12:6** - **Assarion** = ’n Romeinse geldstuk van die tyd. Een tiende van die denari.
**Luk 19:13** – **manim** = meervoud van maneh. Een maneh was ongeveer drie maande se loon in daardie tyd.

### 35. Vervul

**Eks 31:3; Luk 4:21** en elders: die woord wat vertaal word met ‘vervul’ beteken om vol te maak, volledig te maak of die doel te bereik en nie dat dit verval het nie. Dit is baie belangrik vir die ganse Nuwe Verbond en om meeste van die verwysings daarin na veral die wet, instruksies en opdragte van God (Torah en Mitzvot) reg te verstaan. Niks wat God verklaar het om vir alle tye te wees, verval nie, maar word volledig gemaak en gaan met meer volledige waarde en betekenis voort in Yeshua.

### 36. Bely

**Bely** - die korrekte konsep van belydenis is drieledig en moet al drie bevat om aanvaarbaar te wees. Selfregverdiging is nie deel daarvan nie, maar eerder om:

1. Te weet wat dit is wat ek gedoen het en hoekom dit verkeerd is.
2. Te erken dat ek verkeerd gedoen het en
3. Dit af te lê met ’n vaste voorneme om dit deur Sy krag nie weer te doen nie.

= Om te erken en daarmee te breek.

### 37. Verwerplike gedagte

Hebreeus “**Galilah**” – die sterkste negatiewe uitdrukking in Hebreeus. Dit beteken: “Dit is vervloek” of Godslasterlik. Die KJV vertaal dit “God forbid” en die CJB “Heaven forbid.” Ek gee dit weer as “’n Verwerplike gedagte!”

### 38. Pesag

**Luka 22:8,14-22** – **Die Pesag** hier verwys na die ‘seder’– of volgorde van die Pesagmaaltyd wat daarop gerig is om die volle betekenis en redes aan die deelnemers deur te gee en wat die standaard manier is waarop die Pesag gevier is. Pesag verwys beide na die Voorbereidingsdag van die Fees van Ongesuurde Brode of na die hele fees. Dit is belangrik om te let daarop dat die Pesag nie dieselfde is as die tradisionele ‘Paasfees’ of “Easter”, wat ’n heidense oorsprong het, **Deut 12:30–32** en die verkeerdelike herdenking van ’n Vrydag tot Sondag kruisiging en opstanding het nie. Let op die 3 dae en 3 nagte van **Mat 12:38-40**. Kyk **Lev 23:4-8 en Deut 16:1**.

### 39. Die 2de beker

**Luka 22:17** – Die beker wat hier genoem word, is die 2 de beker - die beker van bevryding uit gebondenheid - 2 de van 4 wat tydens die Pesagete gebruik word, wat verwys na die 4 beloftes van God in **Eks 6:6-7**. In vers 20 waar die nuwe verbond bevestig word, word die derde beker gebruik - die beker van verlossing.

### 40. Boodskap teenoor Woord

**Yog 1:1** en ander: “Boodskap” מלתא beteken nie net die gesproke of geskrewe woord nie, maar sluit die betekenis, rede, motief en argument agter die woord in; dus die boodskap. Ek besef dat ’n tradisionele konsep hier ter sprake is, maar ‘Woord’ gee nie die volledige betekenis deur nie en lei tot verkeerde afleidings.

**41. Geregtigheid, regverdiges, onpartydige opregtheid**

כאנא: Geregtigheid en regverdiges: hierdie is regstermes en het albei dieselfde gevolg, naamlik dat die persoon onskuldig is, volgens die wet. Dit is: om onskuldig te wees of onskuldiges. Soms is dit vanuit die betekenis, זדיקותא, van pas en meer korrek om dit as onpartydige opregtheid te vertaal = reg volgens die wet = onskuldig.

**42. Afgesonderdes**

Die woord heilig en heiliges – ek gebruik in beide gevalle die betekenis van die woorde – nl. om afgesonderd te wees van sonde, afgesonderd tot God.

**43. Shavu'ot**

**Hand 2:1** – "Pinksterfees." Hierdie is 'n afgeleide Afrikaanse woord van die "Pentacost" ervaring op hierdie dag. Die woord self beteken egter 50 dae, wat verwys na die "Omer" of aftelling na die Shavu'ot fees. Hierdie is egter die Bybelse Shavu'ot, Fees van Weke, (**Lev 23:15-16**) en die Gees wat Afgesonderd is, is nog nie uitgestort wanneer die dag en tyd genoem word nie! Hulle het soos dit die gebruik was vir die Shavu'ot fees bymekaargekom. Shavu'ot is die 2de van 3 groepe feeste waar die mans in die Tempeltydperk moes opgaan na Yerushalayim. Dit is ook genoem die "Fees van die Oes" of "Dag van die Eerste Vrugte." Hierdie is ook die tyd waarop aanvaar word dat die Wet op die Berg Sinai aan die volk gegee is. Die vergelyking met Sinai en wat op die dag gebeur het by Sinai en hier waar die studentevolgelinge bymekaar was, is 'n studie van die nuwe verbond wat Vader gesluit het, wat die moeite werd is.

**44. Stefanos se getuienis**

**Hand 7** – Stefanos maak skynbaar 'n paar foute in sy verdediging voor die Raad (Sanhedrin). Ek is egter redelik oortuig dat dit nie foute is nie, maar aanhalings uit die Samaritaanse Pentateug wat verskil van die Masoretiese Hebreeuse en Aramese teks. Dit is ook dus redelik moontlik dat hy self 'n Samaritaan (van Shomron) was. (Die Joodse geleerdes, Avraham Spero en Ya'akov Jervell, stem saam.)

In vs. 2 spreek hy hulle aan in 'n vorm as mede-Hebreër: broers en vaders.

In vs. 4 haal hy aan dat Avraham ná sy pa se dood getrek het.

Gen 11:26 = Terag is 70 toe Avraham gebore is.

Gen 12:4 = Avraham was 75 toe hy Haran verlaat het. Terag was dus 145.

Gen 11:32 Sê dat Terag dood is op 205.

Die Shomron Torah sê dat hy dood is op 145.

In vs. 16 sê hy dat Avraham in Sh'khem begrawe is wat ook 'n Shomron tradisie is

In vs. 47-50 is daar 'n amper anti-tempel vergelyking wat ook sterk in Shomron (Samaria) was.

**45. Sha'ul**

**Hand 9** en oral verder in die Nuwe Verbond: Sha'ul, is 'Paulus' se werklike naam, alhoewel hy in Grieks ook 'Paulos' genoem is. Hy was egter 'n Jood en het 'n Jood gebly. Al het hy onder die ander nasies gewerk, het sy naam nooit verander nie en ons gebruik konsekwent sy enigste werklike naam, nl. Sha'ul.

**46. Artemis**

**Hand 19:24** – Hierdie godin is Artemis, 'n Griekse godin, wat deur die mense in Asië, aanbid is as Diana, een van die Romeinse godinne. Efese was die middelpunt van haar aanbidding en haar tempel een van die sewe antieke "wonders."

**47. Alles is wettig**

**1 Kor 6:12 & 13**. – Hierdie 2 stellings is Gnostiese spreuke en dus Griekse denkwyses van daardie tyd wat nou nog eggo in die Humanistiese leringe. “Ek kan doen net wat ek wil” en vs 13 wat gelykstaande is aan “As dit goed lyk – doen dit.” Hier word dit as teenoorgestelde van die seksuele wette gestel. Kyk na punt 49.

**48. Die eerste dag van die week**

**Hand 20:7** – Hierdie vers en ander met dieselfde strekking, kan vertaal en uitgelê word sonder om die betekenis te verander, maar met ’n beter begrip van die praktyke van daardie tyd as: “Hulle het met die Shabbat se afsluitingsete (na Shabbat sononder - Motza’ei-Shabbat) bymekaargekom om saam te eet en vir ’n boodskap, waar hulle altyd die ete ingelei het met die dankgebed vir die brood en wyn en so die Meester se liggaam en bloed onthou het.”

Aangesien die dag na sononder begin, is dit die eerste dag van die week. Die “eerste dag van die week” wanneer die studentevolgelinge bymekaargekom het, was dus op Shabbat-aand (Saterdagaand) en makliker verstaanbaar hoe Sha’ul tot middernag kon praat. Die eerste dag van die week (Sondag) se dag was ’n gewone werksdag. In die Nuwe Verbond is daar geen opdrag of aanduiding wanneer dienste gehou moet word nie, jy is welkom om dienste op enige dag te hou. “Die dag van die Here;” dus Shabbat (die sewende dag), is egter vasgestel in die Tanakh en nog nie verander nie, maar deur Yeshua, Sha’ul en die eerste kerk erken - Lees **Handelinge, Hebr 9** asook **Yes 58:13**.

**49. Wet / wettiesheid**

Veral in Romeine, asook Galasiërs, is die vertaling van die konsep van “wet” nie so eenvoudig nie en deurgaans, veral in **Rom 3, 4 en 7 en Gal 3**, praat Sha’ul van die wet as daardie leë werke wat nie met vertroue gepaard gaan nie. “Wettiesheid” is ’n woord en begrip wat nie in sy tyd bestaan het nie en waarvoor daar geen woord is nie. Dit skep, en het deur die eeue heen, die indruk geskep dat die wet niks goeds is nie. Dit sou egter van Sha’ul self en die ander Bybelskrywers leuenaars maak as dit sou waar wees, om nie eens te praat van die Karakter van God, wat ’n defektiewe wet sou gegee het nie. ’n Studie van Handelinge alleen sal wys dat Sha’ul en die ander afgevaardigdes aan die wet getrou was en dit gevolg het, insluitend die feeste en Shabbat. **Lev 18:5, Deut 30:11-14, Hand 10:6-8, Hand 27:9**.

Dit is wettiese navolging of wettiese werke en dade wat as leeg beskou word en nie die nakoming van die wet uit vertroue in Yeshua nie. Die wet word ook in hierdie lig juis vir gelowiges gegee en nie vir ongelowiges nie. Die wet is nie tot redding nie, maar vir die wat gered is. Die “wet” moet hier telkens gelees word as wettiese navolging van die wet. **Romeine 8:1 en 2** som dit op en alles kan in konteks verstaan word as die betekenis saam met die teks gelees word. “Daar is nie veroordeling vir die wat in gehoorsaamheid aan die wet leef nie, soos deur die Gees uitgelê in vertroue, wat deur Yeshua kom en nie langer beheer word deur die dooie letter waarvan ons bevry is deur die verpligting van werke van die wet wat ons mislei tot sonde, veroordeel en skuldig laat voel nie.” Die oordeel en kras taal van Galasiërs is teen hulle wat dink hulle verlossing is in die nakoming van die wet, sonder vertroue. Die wetteloosheid van ons dag spruit uit die verkeerde leringe oor die wet van God, **1 Yog 2:3-6.**

**Volledig hanteer in: “Feeste van die Verbond” - Gerrie C Coetzee (PWL Publikasie)**

**50. Weduwees in die arena**

**1 Tim 5:6** - Weduwees wat die “arena aanbid” - אסמרני׳א - Jastrow’s Targum Dictionary - “arena, gladiatorial shows or theatre - cacophemistic appellation of all kinds of gentile sports - he who attends the arena as a spectator is like a murderer (countenancing bloodshed)”.

**51. Halleluyah**

**Openb 19:1** en elders - **Halleluyah** = Geskryf in die meervoud-opdragvorm. Yah is ’n verkorte vorm van יהוה. Hallel = om te skyn; sprankel; groot te praat; feesviering; sing; helder en sigbaar; feesvier; betowerend te wees; laf; helder klank. Die opdragvorm gee dit ’n betekenis van - Lofprys יהוה alleen, helder en duidelik.

**52. Heerlikheid**

Ek vertaal שובחא / תשבוחתא [δόξα] – (“heerlikheid” in die ou vertalings) met “eer, lof en aanbidding” wat ’n meer volledige betekenis gee. δόξα word gebruik in die LXX (Septuagint) om die “Sh’khinag” te vertaal wat ’n dieper betekenis vanuit die Hebreeus het nl. die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God.

**53. Drie wat getuig - Invoeging**

**1 Yog 5:7-8** – Dat hier ’n duidelike en blatante invoeging van (“Want daar is drie wat getuig in die hemel: Die Vader en die Woord en die Gees van Afsondering, en die drie is een”) gemaak is om ’n teologiese punt te bewys oor die “drie-eenheid” betwyfel ek geensins nie. Ek stem saam met Dr. David Stern en Dr. Bruce Metzger en haal hulle vrylik in Afrikaans aan: “Dat hierdie woorde oneg is en geen reg het in die Nuwe Verbond nie is duidelik.” Die redes wat aangevoer word (en wat ek as feite gevind het) is:

1. Die gedeelte is in geen geskrif ouer as die vierde eeu te vind nie - Aramees of Grieks.
2. Dit was onbekend aan die vierde-eeuse Griekse vaders wat dit andersins sou gebruik het in daardie tyd se drie-eenheids kontroversies en debatte.
3. Die gedeelte maak ’n onnatuurlike breuk in die betekenis en sin. (A Textual Commentary on the Greek New Testament, Corrected edition 1975, pp 715-717.)

Vir my is die belangrikste: dit staan nie in die Aramese oorspronklike teks nie.

**Volledig hanteer in: “Een het drie geword - Flip Erasmus” (PWL Publikasie)**

**54. Shofar**

**Open 8:6** en elders. Wanneer aankondigings gemaak word met blaasinstrumente is ek oortuig dat dit die oorspronklike “Shofar” = ramshoring, moet wees. Dit is egter ’n Joodse gebruik en het daarom verlore gegaan in die vertalings van Grieks en ander tale wat “trompet” gebruik het as hulle verstaanbare eweknie. Daar is wel ook trompette in sekere plekke deur Vader beveel.

**55. Mikveh**

**Efe 5:25-27** kan slegs reg verstaan word vanuit die Joodse en eerste Kerk se gebruik, waar die bruid die ‘Mikveh’ = reinigingsdoop, waardeur sy afgesonder word vir haar man, net voor die huwelikseremonie, ondergaan.

**56. Bekende geestelike woorde**

Bekende woorde word volgens hulle betekenis vertaal wat meer verstaanbaar is:
Amen = dit is waar
Genade = onverdiende guns
hoop = versekerde verwagting

**57. Yog 8:1-12 probleem**

Die gedeelte vanaf Yog 7:53-8:11 word gevind in 8 Westerse Aramese manuskripte asook in meeste Griekse manuskripte en word baie na verwys deur die Kerkvaders. Ons het egter gevind dat hierdie gedeelte in geen Oosterse Aramese geskrif (wat die oudste is) of in die oudste Griekse geskrifte te vind is nie. Hierdie gedeelte kan dus nie met oortuiging as lering gebruik word nie en het ons die gedeelte aangedui as nie in die oorspronklike nie. Dit is dus nie ingesluit nie.

**58. Die Kruiswoorde**

**Die kruiswoorde** wat verander het, glo ek het ’n verduideliking nodig.
Die Aramees: “Eil, Eil, l’mana shevakthani.”
As ons glo dat die hele Skrif dieselfde leer en dat Skrif nie met Skrif kan verskil nie, het ons hier ’n leringsprobleem. As ons glo dit sê “.. waarom het U My verlaat,” dan het ons ’n probleem met **Yog 16:32b**: “Ek sal nie alleen wees nie omdat die Vader by My is.” Ook in **Hebr 13:5, Deut 4:31 en Deut 31:6** belowe Vader om by hulle te wees wat Hom ken en volg. Nou, het Hy Yeshua alleen gelos? Dit maak nie sin nie. Hy kan tog nie teen Homself praat nie. Kom ons kyk nou na die Aramese betekenis en moontlikhede.

Bronne:
- SEDRA - George A Kiraz
- The Peshitta NT English-Aramaic / A-E Dict. - Glenn David Baucher.
- Lexicon to the Syriac New Testament (Peshitta) -William Jennings MA
- Andrew Gabriel Roth (AENT) van wie ek die argument verwerk het.

Eil (Eli) - Magtige God
l’mana - hoekom? en soms ook wat?
(shevakthani - Peshitta) - verlaat / wat oorbly
In Psalms word “azbatani” gebruik - ’n spesifieke betekenis van ‘om te verlaat.’
Die Aramese “shwektani” het dieselfde betekenis. Yeshua het dit egter nie gebruik nie, maar “shevakthani,” wat onder andere dieselfde beteken, maar ook meer. Haal Yeshua die Psalm letterlik aan of verwys Hy daarna in tipiese semitiese wyse?
Aan die kruis vervul Hy presies dit waarvoor Hy gekom het en dit is moontlik vir Vader om die lyding in ’n oogwink te stop as Hy wou (**Mat 26:50-54**). In daardie lig, met al die engele tot Sy beskikking en die seën van die Vader op wat Hy doen, hoe op aarde kon Hy selfs vir ’n oomblik verlate voel?
Wat oorbly is om die korrekte alternatiewe betekenis van die woord te gebruik, wat ek glo gedoen is. Die res van die Psalm verwys duidelik na die kruisiging. Ek glo die verhaal verteenwoordig die profetiese verwysing in die Psalms en haal nie noodwendig woordeliks direk daaruit aan nie.

**Ek vertrou dat die dieper betekenis van die letterlike vertaalde woorde u sal help om die Vader in Sy volheid te leer ken, soos wat Sy wil is.**